

Saterdag 7 November

Skrifgedeelte: Daniël 4:19-37

Fokusgedeelte: Daniël 4:37

Kyk op na die Here en nie af na die aarde toe nie

In die tweede gedeelte van hoofstuk 4 lees ons dat die hoogmoed van koning Nebukadnesar tot 'n val kom as sy droom in vervulling gaan en hy die verstand van 'n dier kry. Ons lees ook dat hy ná die vasgestelde tyd na die hemel opgekyk het om hulp, en toe sy verstand teruggekry het.

Toe Nebukadnesar van die dak van die paleis afgekyk het oor die groot stad Babel, is sy koningskap van hom af weggeneem in 'n oomblik (vgl. Dan. 4:30, 31), maar toe hy ná die vasgestelde tyd weer opkyk na die hemel en die Allerhoogste prys, loof en eer, kry hy sy koninklike waardigheid, eer en majesteit terug (vgl. Dan.4:36). God was geduldig met Nebukadnesar. Selfs die sewe tydperke van oordeel oor hom was ontwerp as 'n manier om hom nederig te maak sodat hy die waarheid van God sou erken.

As mense is ons geneig om eerder af as op te kyk. Ons voel gemaklik om eerder bevel te gee as om dit te ontvang. Wanneer jy in afhanklikheid aan die Here opkyk na Hom, sien jy sy regverdige optrede raak! Jy sien Jesus Christus raak wat aan die kruis vir jou sonde gesterwe het. Wat jy ook al het, insluitende jou gesondheid, rykdom, krag of posisie, is 'n gawe van God. Die rykdom van God se goedheid, verdraagsaamheid en geduld moet jou tot bekering van jou sonde lei (Rom. 2:4).

Plaas jou vertroue in die Here eerder as om op jou eie insigte staat te maak of om op jou eie krag te vertrou. Deur die krag van die Heilige Gees laat Hy jou op die regte pad loop (Spr. 3:5, 6). Kyk op na die Here en bid in afhanklikheid van jou Skepper-God!

Sing: Psalm 146-1:2, 3

Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)